

**PJ Kriel**

**08.10.2022**

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die kerk wat die Here self bou en die kultusse wat mense opbou. Die Here bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom as Christus en Here. Kultusse word opgebou uit die geestelikes belewenisse, drome, visies en missies van mense. Dit wys hoe geestelikes die kerk van die Here wil omvorm om net nog 'n kultus te wees.

Skriflesing: Matteus 16:13-20; Matteus 28:16-20:

Teks: Matteus 16:18: <sup>18</sup>“En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

Tema: Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie.

### **1. Wie bou die Kerk van die Here en waarmee word die Kerk van die Here gebou?**

Jesus Christus openbaring Homself in hierdie teksgedeelte as die Here wat self sy kerk bou en dit op die geloofsbelydenis in Hom as Christus en Here bou.

Ons moet weet wie die Kerk bou en hoe die Kerk gebou word. Veral in hierdie tyd waarin elkeen die kerk van die Here wil reg kry, verander, oormake of mee wil oor begin met hulle eie godservarings, en geestelike menings, visies en missies. Die Christelike Kerk wêreldwyd word vandag ontwig deur mense wat voorgee dat hulle met hulle ondernemings die oorspronklike kerk wat begin het soos beskryf Handeling 2 weer hervestig.

Daarom moet ons weet wie bou die Kerk van die Here en waarmee word sy kerk gebou? Die verskil tussen die Here se Kerk en mense se geestelike organisasies kan ons toelig met die voorbeeld van die verskil tussen regte huise in woongebiede en plakkershutte in plakkerskampe.

Die werklike verskil tussen regte huise en plakkershuise is: wie bou, hoe word gebou en waarmee word gebou!

Regte huise word gebou deur 'n bouer, met 'n argiteksplan en met die regte bou materiaal. Met plakkersgehuggies is elkeen somer 'n bouer, en die enigste plan is somer die beeld wat elkeen in sy eie gedagtes en gevoelens vorm van hoe sy gehuggie moet wees en die boumateriaal is somer enige iets wat rondlê en waarop 'n mens vinnig jou hand kan lê.

Die Here Jesus is die regte bouer van die kerk, wat die kerk volgens die regte argiteksplan bou en die kerk met die regte materiaal bou. Geestelikes wat weer die kerk wil oor begin is elkeen somer self 'n kerkbouer, wat sy kerk bou volgens sy ervarings, menings, visies en missies.

Ons is deel van die kerk van die Here, nie inwoners van geestelikes se plakkersgehuggies in plakkerskampe nie.

Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie

**2.** Jesus Christus bring 'n skeiding tussen mense wat iets oor oor Hom te sê het en sy dissipels wie in Hom glo. Mense se menings, indrukke en belewenisse van Hom is onpersoonlik. Hulle het menings oor indrukke van “die Seun van die mens”. In vandag se taal sou dit wees: dit wat mense oor daardie man te sê het”.

Van sy dissipels vra die Here iets anders; 'n geloofsbelydenis met die vraag: “Wie sê julle is Ek?”, anders as die onpersoonlike “Seun van die mens”. Sy dissipels bely hulle geloof in Hom. Hier verklaar hulle vir die eerste keer openlik hulle geloof in Hom as die Christus en as die Seun van die Lewende God, ooreenkomstig die Dawidsbelofte se “Twee-Seuns” belofte in 2 Samuel 7: die Seun van Dawid en die Seun van God die Vader.

Ons moet altyd elke deel van die Matteus-evangelie saamlees met Matteus 28 verse 16 -20, omdat die volle openbaring van elke teks plaasvind in die Here se openbaring na sy opstanding as Here met alle mag (Dawidsbelofte), en Here wat altyd met ons is (Abrahamsbelofte.)

Wat is die verskil tussen die verklarings van mense oor Jesus en die geloofsbelydenis van Jesus se dissipels in Jesus? Die menings en indrukke oor Jesus gaan oor hulle eie spirituele behoeftes. En 'n geloofsbelydenis? Die Here wys dat 'n geloofsbelydenis in Hom as die Christus is alleen deur die openbaring van God die Vader. God se openbaar is nie 'n demonstrasie van God oor sy Godheid nie Dit is nie 'n aanskoulike bekendmaking nie. Dit is om ingesluit te word in die verbondsliefde van God wat Christus vir sy dissipels waarmaak in die toesegging: “Ek is met julle”. (Mat. 28: 20) Die geloofsbelydenis in Christus uit sy liefde waarin Hy ons insluit en laat deel. En dit is nie 'n mening of ervaring van die man nie.

In hierdie toesegging laat Christus sy dissipels deel wees van die beloftes van God in die Abrahamsbelofte: laat Hy hulle deel is sy liefde en genade as God, reinig Hy hulle van hulle sonde, gee Hy hulle 'n nuwe hart en verstand en regeer Hy hulle deur die gawe van die Gees. (Eseg. 36:24)

Openbaring beteken om ingesluit en deel van die liefde van God te wees, en in jou liefde vir God geheilig te wees. Hierdie daad van God, ingesluit in sy belofte oor hoe Hy vir sy kinders God is, maak die verskil tussen ervarings en verklarings volgens mense se spirituele begeertes met God, en die hartlike en verstandelike kennis en vertroue in Jesus as Christus en Here.

Die Here self skep in sy kinders 'n geloofsbelydenis oor die liefde wat God met hulle deel. .

**3.** Wie bou die Kerk, hoe word die kerk gebou en waarmee word die kerk gebou?

Christus bou die Kerk!

Net Christus by die kerk (tempel) volgens die Dawidsbelofte want net Hy is terselfdertyd die seun van Dawid en die seun van God, net Hy sit ewig op die troon aan die regterhand van God en net hy leef vir ewig om die kerk in stand te hou. te Niemand anders bou die Kerk van die Here nie. Niemand kan hulle teenoor, of in die Naam van die Here, as kerkbouers verklaar nie.

Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie

Hoe bou Christus die kerk? Deur die Abrahamsbeloftes te vervul en waar te maak in sy kinders se lewens. Die argitekspan waarvolgens Christus die kerk bou is die verbondsbeloftes van God: om ons uit alle nasies te versamel, ons te reinig van sonde, ons 'n nuwe hart en gees te gee, ons ou hart te verwyder, sy Gees in ons te gee sodat ons uit die geborgenheid van sy liefde ons aan sy wet kan verbind. (Esge. 36: 24 -) Daar kan geen ander ontwerp of plan wees waarvolgens God se kerk gebou kan word nie.

Waarmee bou Christus sy kerk? Deur alles wat hy gedoen het van sy geboorte tot sy wederkoms. Hierdie daade van Christus rig die kerk op en vestig die kerk in die beloftes van God. Die kerk kan met niks anders gebou word nie. Nie drome, ideale, ervarings, visies of missies nie.

Daarom openbaar die Here in Matteus 16: op hierdie rots bou Hy sy kerk – die geloofsbelydenis in hom as Christus en Seun van God. Op die belydenis van die Here as die Christus, wat gely en uit die dood uit opgestaan het en daarom met volmag ons laat deel in die belofte van God se genade.

Op hierdie geloofsbelydenis uit die hart en met die mond, daarop bou Christus sy kerk.

Die aanduiding dat die Here sy Kerk bou op die geloofsbelydenis in Hom as Christus en Here, Seun van God die Vader, onderskei die Here baie duidelik van dit wat mense oor Hom te sê het.

Christus bou nie sy kerk op mense se ervarings en verklarings van Hom volgens hulle spirituele begeertes oor God nie. Christus bou nie die Kerk op die ervaring en verklaring dat Hy die re-inkarnasie van Johannes die Doper is nie; Christus bou nie sy Kerk op die ervarings en verklarings dat Hy 'n profeet is wat die wil van God preek en voorleef nie; Christus bou nie die Kerk op die ervaring en verklaring dat Hy die grootste profeet van alle tye, die tweede Elia, is nie.

Wie bou geestelike gemeenskappe op hierdie ervarings en verklarings van Jesus?

Want Hy doen dit glad nie!

Dit is die bouwerk van geestelike en morele leiers in die gemeenskap. Nie elke groep wat bymekaarkom, bid, sing en luister na morele en geestelike boodskappe, is die Kerk van die Here nie. Wie gemeenskappe stig en byeenbring met ervarings en verklarings oor Jesus en daarin hulle spirituele begeertes oor God uitleef, is nie die Kerk van die Here nie. Want die Here bou nie sy Kerk op hierdie ervarings en verklarings oor Hom nie.

Die Here bou net sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom volgens die openbaring van die Vader.

Wat is die verskil?

Die verskil gaan oor wie bou en waarmee gebou word.

Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie

Kom ons gebruik weer ons voorbeeld van die verskil tussen plakkershutte en ordentlike steenhuse.

Plakkershuise bou elkeen en enigiemand self, met enigiets wat hulle in die hande kry. Sommer so volgens eie opvattinge en menings oor hoe hulle die goed wat hulle in die hande kry om mee te bou, aanmekaar kan sit.

Wie bou ordentlike steenhuse? Net opgeleide en gekwalifiseerde bouers, met goedgekeurde boumateriaal, volgens 'n argiteksplan.

Dit is wat die Here met die aankondiging verklaar: "Aan my is alle mag op hemel en op aarde gegee." Hiermee verklaar Hy dat Hy die amptelike bouer van die huis van God is, volgens die argiteksplan van die Dawidsbelofte. (2 Sam. 7)

**5. Wat is die karakter van die kerk wat die Here bou teenoor die karakter van geestelike inrigtings wat mense oprig?**

Ons kan na vier kenmerke van die kerk van die Here kyk teenoor mense se geestelike inrigtings!

**5.1.a.** Die Here bou self sy Kerk en hy bou dit op die geloofsbelydenis in Hom. In die toesegging "Ek is by julle", versamel die Here sy kinders by Hom om met hom te wees en te leef. en by Hom te versamel. "Ek is by julle" beteken nie die Here was as God voorheen weg gewees, of Hy is nie altyd orals nie. Versamel beteken om by en met Hom, as Here, in sy liefde te wees.

Dit is in en deur hierdie geloofsbelydenis dat die Kerk sy liggaam is en as sy liggaam, met mekaar as kinders van God byeengebring word.

**5.1.b.** Wat doen die Here in en deur die ervarings en verklarings van mense oor Hom? Oor hoe mense Hom ervaar en wat hulle van hom sê?

Absoluut niks!

Die Here versamel nie sy kinders as Kerk met Hom as Here, in hierdie ervarings en verklarings nie.

Nou wat gebeur dan as mense in massabyeenkomste en gemeenskappe rondom hierdie ervarings en verklarings byeenkom? Dit is soos met die bou van plakkershutte in plakkerskampe. Dit is geestelikes en morele leiers wat vir hulle hulle eie gemeenskappe en byeenkomste byeenbring rondom hulle ervarings en verklarings.

Maar die Here bou nie sy Kerk op hierdie wyse nie. Nie met hierdie materiaal nie, nie met hierdie selfontwerpte gemeenskappe nie. In so 'n plakkerskamp van geestelike ervarings en verklarings, doen die Here absoluut niks nie.

**5.2.a.** Die Here bou self sy Kerk in en deur hulle geloofsbelydenis in Hom.

Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie

Nog 'n wyse waarop Hy sy Kerk in hierdie geloofsbelydenis bou, is om hulle in hierdie belydenis teenoor Hom as Here, tot verantwoording te bring.

Dit openbaar die Here in die opdrag: “Leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.”

In en uit die geloof in God se liefde en genade deur Christus se lyding en opstanding, neem sy kinders weer hulle aanspreeklikheid op om Hom in alles lief te hê. “Leer” is alles behalwe 'n skoling in morele waardes of geloofsbeginsels.

“Leer” gaan oor die lewenswyse van “oovloedige geregtigheid” volgens die Bergrede: om in die geregtigheid van Christus, jouself in liefde aan God te kan toewy omdat Hy hierdie liefde volmaak laat wees.

In en deur hierdie geloofsbelydenis in Christus se oovloedige geregtigheid, leer die Here gelowiges om weer volmaak gehoorsaam te wees: alles te onderhou wat die Here beveel. Om in alles aanspreeklik teenoor die Here as Christus, te leef.

Hulle kan in alles aanspreeklik teenoor hom wees, want alles wat hulle is en doen, is oovloedig in Christus se geregtigheid en nie binne hulle eie ongeregtigheid nie.

**5.2.b.** Wat doen die Here Jesus Christus deur spirituele ervarings en verklarings oor Hom?

Absoluut niks!

Hierdie ervarings en verklarings oor Jesus stel mense nie aanspreeklik teenoor die Here nie, maar skuldig voor God.

Dit is die krag van elke en alle plakkersgemeenskappe: skuld! In hulle skuld en deur hulle skuld is hulle onaantasbaar en bemagtig om aan geen reël van enige woonbuurt onderhewig te wees nie.

Dit is hoe geestelike gemeenskappe wil wees en hoe hulle deur hulle geestelike leiers byeengebring wil word: in die skuld van hulle spiritualiteit sodat hulle hulle met hulle skuldoefeninge van enige aanspreeklikheid teenoor God vir sy gebooie, gevrywaar kan word.

Geestelike gemeenskap wat in skuld teenoor God bemagtig is om nie aanspreeklik in Christus se oovloedige geregtigheid teenoor God te leef nie, is nie sy Kerk nie. Dit is net nog 'n kultiese groepie, nog 'n plakkershut in die plakkerskamp van menslike spiritualiteit. Om skuld in Jesus se Naam te verkondig, maak geestelike groepies nie die Here se Kerk nie. Hy bou nie sy Kerk só nie.

**5.3.** Die Here bou self sy Kerk in en deur hulle geloofsbelydenis in Hom.

**5.3.a** In en deur hierdie geloofsbelydenis skep die Here in sy kinders aanbidding. Dit is wat gebeur as die Here se dissipels Hom op die berg ontmoet: hulle gaan op hulle knieë en aanbid Hom as Here. In en deur die kennis en vertroue van Jesus as die

Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie

gekruisigde en opgestane Christus en Seun van God, aanbid gelowiges Christus as God. (Mat. 28: 18)

In en deur die geloof in Hom, word die Kerk in aanbidding opgebou. Want wie God ken en vertrou in sy liefde en genade in Christus, aanbid Hom as God.

**5.3.b** Wat doen die Here deur ervarings en verklarings oor Hom?

Absoluut niks!

In hierdie plakkerskamp-geestelikheid is daar geen aanbidding van die Here as God nie. In hierdie plakkerskamp-geestelikheid identifiseer mense met God se krag, mag, wil en sy persoon. Elke geestelike wil met hulle ervarings en menings mense bemagtig om een met God se goddelikheid te wees. is die geloof nie meer die krag wat mense tot aanbidding bring nie.

Hierdie passie waarmee gemeenskappe geskep en vergader word, is geen aanbidding nie. Om een met God in sy Godheid te wees, is ontering van God en nie aanbidding nie. In die plek van aanbidding van God, kom die verering van geestelike leiers in en deur wie hulle bemagtig word om God as een met hulle eie persoon te beleef.

**5.4.a.** Die Here bou self sy Kerk in en deur hulle geloofsbelydenis in Hom.

In en deur die geloofsbelydenis in Hom, maak die Here sy Kerk 'n openbare instelling in die wêreld, net soos wat Hy die owerhede van die wêreld as openbare instellings skep.

Hierdie bouwerk word gestel in die mag dat sy Kerk na alle nasies toe moet gaan. Hierdie nasies is sý nasies, want Hy is die Here van, en het alle mag oor alle nasies. Daarom sal Hy ook sy kerk as openbare instelling skep in alle nasies. Geen nasie is 'n grootheid buite sy Heerskap, op so wyse dat hulle die Kerk uit die openbare wêreld kan weer nie.

**5.4.b.** Wat doen die Here in en deur mense se ervarings en verklarings oor Hom?

Absoluut niks!

Daarom is al hierdie geestelike instellings altyd net persoonlike kultusse. Dit is geestelikhede wat niks met die werklikheid van die Kerk of gemeenskap te doen het nie.

Hulle ervarings en verklarings van Jesus isoleer hulle van wie die Here van alle nasies is, en van wie die Here van die Kerk is. Daarom is hulle niks in die gemeenskap of in die Kerk nie.

Hulle kan hulle spiritualiteit met politieke drif beoefen, sonder politieke drif beoefen, binne en met persoonlike verhoudings, binne hulle werksomstandighede, buite hulle werksomstandighede, binne of buite sosiale verbande, maar hulle spiritualiteit sal nooit deel van die Here se nasies of Kerk wees nie.

Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie

Dit sal altyd net 'n plakkershut binne die plakkersgemeenskap van hierdie wêreld bly – geïsoleerd uit die Kerk en gemeenskap wat die Here bou. Maak nie saak hoe groot, hoe mooi, hoe kragtig dit is nie.

## 6. Waarin wil ons as gelowiges bly?

Wil ons bly en tuiswees binne die huis wat God bou, sy Kerk, of in die plakkershutte van mense se geestelikheid?

Die Here se Kerk leef in die geloofsgemeenskap met Jesus as Here in sy lyding en opstanding. Hulle glo in Hom as die Here en Christus wat moes ly en uit die dood uit moes opstaan.

Mense met ervarings en verklarings oor hoe Jesus hulle in hulle eie geestelikheid bemagtig, is nie die Here se Kerk nie. Hulle is maar net nog 'n groepering van hierdie wêreld se spirituele gemeenskap.

Hulle is maar elkeen net nog 'n plakkershut in die plakkerskamp van die wêreld se geestelikheid.

7. Die keuse waarin ons as gelowiges wil bly, is 'n gemeenskaplike, besliste, verantwoordbare en openbare keuse. Dit is óf God se Kerk, óf die spirituele gemeenskappe van hierdie wêreld.

Hierdie twee is en kan nooit dieselfde wees nie.

Maar geestelike leiers hou altyd hulle nuwe ervaring en verklaring oor Jesus voor as dieselfde as die geloofsbelydenis van die Kerk in die Here. Hulle vier hulle geestelikheid altyd in die “Naam” van Jesus en as die ware nuwe kragtige kerk van die Here, teenoor dit wat hulle glo is die dooie, swak en slegte kerk – die geloofsgemeenskap van die Here wat nie hulle spirituele gemeenskap is nie.

Maar dit is 'n valse keuse.

Die keuse is vir die Kerk van Christus: die gemeenskap van gelowiges wat Hom as Here en Christus in sy lyding en opstanding bely, teenoor die geestelike viering van mense se eenheid met God se krag, lewe Naam en wil.

Ervarings en verklarings oor Jesus is nie die Here se boumateriaal nie. Hy bou sy Kerk net op die geloofsbelydenis in Hom, volgens die openbaring van die Vader.

Jy kan net tuis wees in een of die ander. Nie al twee nie. Dit is óf in die huis wat Christus bou in en deur die geloofsbelydenis in Hom volgens die openbaring van die Vader, óf in die plakkershutte van mense se ervarings en verklarings oor Jesus.

Die poging om te maak asof ons al twee moet aanvaar en al twee saam een Kerk moet laat wees, soos dit nou in die voorstel van die NG Kerk gemaak word dat mense se geloof in die Here volgens die Woord, en mense se ervarings en verklarings oor Jesus, een Kerk is, is vals.

Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie

**8.** Dit is die drif wat ons uit die gemeenskap ken – owerhede en geestelike instansies wat plakkerskampe tussen en binne woonbuurte wil vestig met die doelwit om te wys dat almal is dieselfde en almal moet gelyk behandel word. Maar met die duidelike onderskeid dat plakkers nie belasting gaan betaal, gratis water en krag verbruik gaan kry en nie vir hulle vuilisverwydering aanspreek gehou gaan word nie - - omdat hulle onderdruktes van die rykes is.

Wat gaan gebeur as jy plakkers kampe in woonbuurtes gaan laat oprig? Gaan die woonbuurt 'n plakkerskamp word en die plakkerskamp 'n woonbuurt?

Jy gaan net woonbuurte belas met die eise van plakkers – maar inwoners en plakkers word nooit dieselfde nie. Die onderskeid tussen wie bou en waarmee word gebou word nie weggevat al jou die bouwerke by mekaar, langs mekaar en tussen mekaar oprig nie.

Die geestelikes van vandag wil van die kerk wat die Here bou en kultusse wat mense opsit, een organisasie maak – almal saam in een woonbuurt! Dit wil hulle doen deur ons geloofsbelydenis in Jesus Christus as ons Here voor te hou as net ons eie mening, ons eie ervaring en ons eie belewenis waarmee vir ons 'n God aanmekaar gesit het.

Dit is die diepste ontkenning wat daar in hierdie drif plaasvind – dat Jesus Christus besig is om sy kinders in te sluit en te laat deel in die liefde van God.

Gaan die Here Jesus Christus van sy kerk net nog 'n plakkerskamp maak omdat geestelikes Hom ontken en misken? Gaan Hy ons oorgee om net weer nog 'n groepie met ons eie goddelike belewenisse te laat wees en ons nie meer in God se liefde in te sluit, omdat geestelikes Hom nie wil erken nie?

Of gaan die Here net ongestoord aanhou om sy kerk te bou ongeag van wat die mense van Hom sê?

Is dit ooit moontlik om ons te oortuig ons het self die kerk van die Here gebou met menings en ervarings? Dit is soos om mense in huis te oortuig hulle het hulle huis maar net soos plakkers gebou, sonder argitek, sonder argiteksplan, sonder die regte boumateriaal, sommer maar net met alles wat jyself kon raap en skraap!

Wie gaan ooit hierdie gelykstelling van waansinnige mense glo?

Daarom kom ons bely ons geloof in en leef met God uit ons geloof in Hom, want ons is nie maar net 'n groepie mense wat iets oor Jesus te sê het nie – ons is deur die Here ingesluit in God se liefde.

Laat plakkers plakkers kampe bou, om ons en tussen ons – ons bly die Here se kerk en hulle net kultusse want die verskil gaan oor wie bou en waarmee word gebou, nie oor mense en hulle menings en ervarings nie.